Rietvallei

Kampnuus

# Hartbeeshoek: Saamtrek

16 tot 18 Augustus 2024

‘n Augustus saamtrek het altyd ’n “andersheid”; die verloop is “anders” en die verwagtinge is ook anders. Om AJV op die Saterdagoggend te hou, maak dat die Rietvalleiers op ’n ander manier tyd op ’n Saterdagoggend in mekaar se geselskap deurbring, wat’n impak het op die oor en weer kuiers. Dis so of die naweek opbou na die AJV en daarna ’n meer gemaklike tempo aanneem.

Rietvalleiers het van Maandag af by Hartbeeshoek begin opdaag. Vrydag het’n “laatslaper” of twee hulle opwagting gemaak en gou was almal waar hulle wou wees: afgepak, opgeslaan en besig om die bosveld oor ’n drinkdingetjie te bekyk, behalwe as jy eers gou ’n draai by “Springs” wou gaan maak, soos Fanie graag sê.

Al spog ESKOM met hulle honderd-en-hoeveelste dag van beurtvrye kragtelose dae, moes ons ondervind dat dit maar net ‘n oefening in oë verblindery is. Die “naries” het maar net die terminologie in ’n blik gegooi, dit goed geskud en ’n nuwe naam uit die hoed gehaal: “load reduction” of las vermindering is die nuwe term. Nou sê net ’n bietjie? Hoe is dit anders as beurtkrag? Met beurtkrag skakel ESKOM (en moenie die munisipaliteite vergeet nie) die gebruiker se krag af, sodat die werkende kragstasies kan byhou. Met las vermindering, kan jy glo, word die las verminder sodat die infrastruktuur kan byhou. Die “las” ter sprake is toe al die tyd die wêreld daar om Lethlabile geleë, Hartbeeshoek ook. Jammer as iemand anders gedink het, die twee metodes lewer presies dieselfde ressultaat: elektriese goete werk nié.

Gelukkig was die krag ingryping net elke tweede dag en dan van soggens en saans van 5-uur tot 7-uur. Soggens kan mens die kragdilemma gebruik as verskoning om laat te slaap en smiddaes as ’n goeie aanduiding dat mens jou vuurmaakgoed kan regkry vir braai en kuier. Moet by sê, die ou met die groot duime wat die skakelaars gooi, kom redelik goed reg met ’n horlosie. Meeste van die skakelings het op tyd gebeur en gewoonlik nie meer as 15 minute laat nie.

Die saamtrek is bygewoon deur 22 lede in 10 waens, 1 ryhuis en 1 chalet. Die 22 teenwoordige lede maak omtrent 30% van Rietvallei se lede uit. Die terugvoerstrokies sê ons Rietvalleiers dink Hartbeeshoek is 60% werd. Die laagste punte is toegeken vir die onstspanningsareas en swembaddens, veral omdat die warm swembad al wéér nie warm was nie. Kritiek is uitgespreek oor plaveisel by staanplekke wat besig is om te verbrokkel en die ablusieblokke wat onderhoud nodig het. Ons was aangenaam verras oor die moeite wat die oord met sekuriteit doen. Daar kan nie twyfel wees dat sekuriteit snags baie sigbaar is nie met die lekker kampvure wat hulle maak nie. Die stuk grondpad van die Lethlabile kruising was ook in ’n baie redelike toestand. Ons hoop dat goeie reën die oord in ’n week of wat op sy kop kan keer. Ek hoop om nie daar te wees as al die sand en stof eersdag ’n lekker bui reën kry nie! Kampbuurvrou (nie van Rietvallei) sê dit is groot “sports” as die wêreld reën kry.

In minder as oornag se reën loop mens enkel diep in die water. Wil nie weet wat gebeur as die wa in so ’n leegtetjie staan nie; dan is die kruit nat!

Saterdag, vir die AJV, het Klaus en Anet Lübbert en Daan van der Berg kom kuier. Chris Pienaar (Voorsitter van Gebied Jakaranda) en sy vrou Daleen was ons SAWA gaste. Chris is ’n besige man, want hy moes 14:00 by Wapadrand se AJV aanmeld. Soos gebruiklik, het Chris ’n spreekbeurt waargeneem nader aan die einde van ons AJV. Sien asseblief die notule van die AJV §16, vir ’n opsomming van Chris se rede. Ons virtuele deelnemers aan die AJV het vanjaar met 100% gestyg, ’n allemintige deelname van 4. Volgende jaar hoop ons om AJV in Pretoria te hou. Hiervan kan julle by §12.2 in die notule lees.



*Rietvalleiers wat kom AJV hou het*

Soos (amper) gebruiklik, het ons na die AJV al om die tafels gekuier waarop brood, wors gebraai oor kole, allerhande soorte en vorms van brood en nog koffie ook uitgepak was.

Die finale aktiwiteit was die groep foto’s. Na al die “lekkergeit” was dit opruimtyd. Gelukkig staan ons Rietvalleiers se hande reg vir dié soort ding en binne “gou-gou” was alles reg vir Sondag se Boekevat en kuier die mense by die waens en onder die bome verder.

Na die AJV weggebêre is, het die naweek op ’n lekker gemaklike rondsit en kuier aan gedrentel. Saterdagaand het ons in die rondte gekuier en Sondag boekevat het Magdaleen Viljoen hanteer. Daarna die formele afsluiting deur Pieter Viljoen en toe verder om al die poedingbakke gekuier en gesels. Die Klaasens, Engelbrechts en Viljoens moes gaan seker maak dat die potte van die ekonomie aan die prut bly, maar vir die res was dit om nog rustiger te raak om ‘n Sondagrus te geniet.

Fanie en Alida Venter het die eerste keer sedert Alida geval het, weer gekamp. Alida sê dit het haar die beste deel van twee jaar geneem om te herstel, soos die dokter voorspel het. Ons is saam met Alida bly en dankbaar dat sy weer op die been is en die saamtrek kon geniet.



*Hennie en Anna-Marie: AJV*





*Virtuele deelname aan die AJV*
*deur Teams én deur gebare taal;*
*… vir Rugby tellings*



*Magdaleen bring die blye Boodskap*



*Fanie Venter bedank al die*
*Kampkoördineerders*



*Plaaslik inwoner*

*Met dank aan Marietjie Klaasen vir die fotos verskaf*